Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

**Insigte uit die US Raadsvergadering van 4 Desember 2023**

Noudat hierdie uitdagende en besige jaar einde se kant toe staan, bied ek jou graag ’n samevatting van insigte uit die Universiteit Stellenbosch (US) Raadsvergadering wat Maandag 4 Desember 2023 gehou is. Die hibridiese vergadering, wat die meeste lede persoonlik bygewoon het, was die laaste Raadsvergadering vir die jaar.

Die vergadering het soos gewoonlik met ’n oordenking van die **US se restitusieverklaring** begin:

*Die Universiteit Stellenbosch (US) erken sy onlosmaaklike verbondenheid met die geslagte van die verlede, hede en toekoms. In Eeufeesjaar 2018 vier die US sy talle suksesse en prestasies. Die US erken terselfdertyd sy bydrae tot die onreg van die verlede. Hieroor het ons diepe berou. Ons vra sonder voorbehoud om verskoning aan die gemeenskappe en individue wat uitgesluit was van die historiese voorregte wat die US geniet het, en ons huldig die kritiese Matie-stemme wat nie tot swye gebring kon word nie. Uit verantwoordelikheid teenoor die huidige en toekomstige geslagte, verbind die US hom onvoorwaardelik tot die ideaal van ’n inklusiewe wêreldklas-universiteit in en vir Afrika.*

**Verslag deur prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier**

Die oorhoofse tema van die Rektor se verslag, “Immer vorentoe, ondanks sterk teenwinde”, het die US se uitdagings en prestasies in die akademiese jaar 2023 raak vasgevang.

Die mees onlangse uitdagings sluit in die toenemende agteruitgang en finansieringstekorte van die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS), wat ons kwesbaarste studente ondersteun, en die waarskynlike vermindering in staatsbystand vir universiteite, waaronder die US. Albei hierdie uitdagings sal die Universiteit se kern- akademiese projek onder aansienlike druk plaas, en soos julle uit die bespreking van die begroting vir 2024 sal sien, moes die US voorsiening maak vir uitsonderlike bystand aan studente wat die grootste finansiële nood ervaar.

Kernprestasies sluit in die bekendstelling van die Biomediese Navorsingsinstituut (BMNI) en die US se rol as medeleier van vier Afrika-Europa Klusters van Navorsingsuitnemendheid (CoRE’s). Ons is ook as gasheer van die Nasionale Instituut vir Teoretiese en Berekeningswetenskappe (NiTheCS) en medeleier van die Nasionale Instituut vir Pandemiegereedheid en -voorkoming (NIP3) aangewys. Daarbenewens het die Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke en die Skool vir Klimaatstudie albei voortreflike bydraes gelewer tot die Universiteit se strewe na impakryke navorsing oor van die dringendste uitdagings van ons tyd. Filantropiese skenkings aan die US het boonop sterk toegeneem.

Die Rektor het die US se aktiewe deelname aan samewerkende navorsingsnetwerke op plaaslike, streeks- en wêreldvlak beklemtoon. Dít getuig van ’n kernaspek van die Universiteit se etos, naamlik om die samelewing ten goede te verander deur toegewyde en doelgerigte

navorsing in interdissiplinêre netwerke te onderneem wat streeks- en vastelandsgrense oorsteek. Hierdie soort samewerking verdiep nie net US-akademici se wetenskaplike werk nie, maar versterk ook die streeks- en wêreldwye invloed van die Universiteit se navorsing om die instelling toenemend as voorkeurnavorsingsvennoot te posisioneer.

**Begroting 2024 voorgelê deur Bedryfshoof prof Stan du Plessis**

Die Raad het goedkeuring verleen vir die geïntegreerde begroting vir 2024. Die begroting sluit 'n styging van 6% in studiegeld vir voorgraadse studente en 8% vir nagraadse studente sowel as 'n styging van 8% in huisvestingsgeld in. Personeelsalarisse sal met 4% verhoog word. Hierdie verhogings is onderworpe aan die finale bevestiging van die staatsubsidiebedrag vir 2024, wat oor 'n paar weke verwag word.

Die Raad het met kommer kennis geneem van die groot getal studente wat agterstallig is met hulle klas- en huisvestingsgeld en ook voedselsekerheidskwessies ondervind as gevolg van NSFAS se finansieringstekorte en algemene ekonomiese druk in ons land. Dít beteken ook dat baie óf nie in 2023 sal kan gradueer nie óf aan die begin van 2024 akademies uitgesluit sal word weens hulle finansiële uitdagings. Hoewel alumni- en ander skenkings hierdie finansiële druk op studente deels kan verlig, is die skuld steeds aansienlik. Daarom het die Rektoraat die afgelope tyd aan 'n voorstel vir studentelenings by 'n aantal kommersiële banke gewerk. By verlede week se vergadering het die Raad goedkeuring verleen vir die Rektoraat se voorstel dat die US 'n geoormerkte bedrag kapitaal as sekuriteit vir hierdie studentelenings voorsien sodat die banke ons kwalifiserende studente gunstige bepalings sal aanbied. Hierdie uitsonderlike maatreël sal vir 2024 geld.

Om proaktief op hierdie uitdagings te reageer is belangrik en beklemtoon die al hoe groter rol van alumni- en ander skenkings. Nogtans is dit noodsaaklik dat kernbelanghebbendes prioriteit verleen aan 'n volhoubare oplossing vir die finansiering van tersiêre onderwys. Indien nie, stel dit die strewe na akademiese uitnemendheid in gevaar, wat ernstige gevolge vir ons land sal hê.

**Jaarverslag deur prof Deresh Ramjugernath, Viserektor: Leer en Onderrig**

Die Leer en Onderrig-jaarverslag het 'n oorsig gebied van die suksesse sowel as die uitdagings in dié verantwoordelikheidsentrum. Hoogtepunte sluit in 'n suksesvolle akademiese jaar 2023, maatreëls om akademiese vernuwing as 'n spelwisselaar by die instelling te vestig, en verdere inisiatiewe om 'n meertalige ingesteldheid deur die hele Universiteit vas te lê. Die gebruik van die US se hibridiese leergeleenthede neem ook fluks toe, en aanvullende studentesteun word voortdurend uitgebrei om in die wye verskeidenheid studentebehoeftes te voorsien. Skenkergefinansierde programme vir aanvullende steun is in baie gevalle deurslaggewend vir studentesukses, en daarom wil die US graag hierdie tipe bystand vanaf 2024 aan alle eerstejaars beskikbaar stel, en dit daarna mettertyd ook onder die ander jaargroepe infaseer.

Onmiddellike fokuspunte is studentebestuur en die versekering dat alle studente die verwelkomingsaktiwiteite in 2024 as positief en verwelkomend ervaar.

**Algemene aangeleenthede**

Die Raad het ook goedkeuring verleen vir 'n aantal ander sake, waaronder die Konsepbestuursriglyne vir Diskresionêre Koshuisplasings (wat onder meer voorsiening maak vir 'n paneel om diskresionêre plasings in koshuise te doen) en die telkaart vir uitvoerende bestuurslede vir 2024 (aan die hand waarvan die Raad sal kan tred hou met die verwesenliking van kern- strategiese doelwitte).

Ek is dankbaar dat ek vanjaar deur toegewyde Raadslede ondersteun kon word, wie se aktiewe en konstruktiewe deelname ons gesprekke verryk het. Dankie ook aan die Rektor en sy span vir die kundige manier waarop hulle die US deur 'n moeilike jaar gelei het. Soos ek nou van naderby agterkom, is 'n universiteit 'n komplekse en dinamiese organisme, veral ook omdat sy mense uit die aard van die saak 'n ondersoekende gees het en waarde heg aan uiteenlopende idees. Daar wag nog sterk sosio-ekonomiese teenwinde, maar ewe groot geleenthede. Danksy die US se leierskap en akademiese statuur is die Universiteit goed geposisioneer vir 2024.

My opregte wens hier aan die einde van 2023 is dat die hele US-familie 'n vreugdevolle vakansieseisoen en 'n welverdiende ruskans sal geniet.

**Vriendelike groete**

**Dr Nicky Newton-King**
**US Raadsvoorsitter**